

Pieta

'n Ma sal haar kind nooit alleen laat nie –
 nooit vir soldate en gepeupel oorgee nie
 maar haar gebede sal soos wolke leef
 soos sterre in die oop verre ruimte sweef.

Haar hande sou aan wol en vlas voel
 om drosters wat kierang en lewens omkeer,
 Fariseërs wat wysneusig ander leer
 versigtig van hom af weg te keer

Sy hou U liggaam vas, en met trane tas
 sy na U hande, strengel haar vingers in
 U s'n en bid tot die Barmhartige God...

Hy wat dit so beskik het om ook die vrou
 in die aand vas te hou in sy liewe Seun,
 sy hand op haar hoof, om haar by Hom te hou.

Pieter Verster

Kabinet

Vier letters:
 A tot M en
 N tot Z
 'n indrukslot
 'n laai "streng konfidensieel"
 en ses-en-twintig skortings
 met die geel,
 gebleikte lêers
 vag op vag
 en onder P,
 geval 27613:
 "Laegraadse imbesiel,
 met sterk vyandigheidgesindheid,
 vir verdere verwysing
 binne sewe jaar."

Philipp Wolfaardt

Horlosie

Twaalf syfers
 op 'n silwerskyf
 waaronder talle ratjies
 om dun assies dryf.

Sekuur
 en onderhewig aan sy veer
 tik hy sekondes
 en die ure in 'n kring...

Totdat sy wysers
 Oormekaar
 'n nuwe dag inspring.

Philipp Wolfaardt

Kalender

Wit papier,
 swart omraam met lyne;
 onpersoonlike rooi
 en swart figuurtjies
 wat
 in weeklikse
 en maandelikse hokkies
 ingeryg word van Januarie
 tot September;
 Desember en
 'n nuwe blai...

Philipp Wolfaardt

ALMANAK

Maart,
 Augustus
 En
 'n nuwe jaar.

Philipp Wolfaardt